# Klein Lochieland

## Nuusbrief Graad R en RR

*Lourensrivierweg / Posbus 124*
*STRAND*
*Tel: 021-8548592*
*E-pos:*
*adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za*

2026-01-30

Liewe Ouers

**OUERAANDE**
Baie dankie vir die goeie opkoms met die oueraande. Indien u dit nie kon bywoon nie, maak gerus 'n afspraak met u kleuter se onderwyseres om die nodige inligting te ontvang.

Baie geluk aan die ouers wat Dinsdag- en Woensdagaand tot die Ouerkomitee verkies is. Ons sal volgende week, ná die eerste Ouerkomiteevergadering, die name met hul onderskeie portefeuljes bekend maak.

**KOMMUNIKASIE**

- *FINANSIES*: Die administratiewe personeel is druk besig met die Finansies. Kontak vir Tania Clark by info@lochnerhof.co.za indien u 'n betaling wil doen en onseker is oor die verwysing.
  Alle ouers moet reeds teen Vrydag, 6 Februarie, twee paaiemente vir hul kleuters betaal het. Moet asb. nie agter raak nie en kontak vir Chanté Mostert by finansies@lochnerhof.co.za indien u probleme ervaar.
- *KOMMUNIKASIE:* Die nuusbrief word slegs op die D6 gelaai. Dit is ons amptelike kommunikasie-middel met ons ouers.




**TOELATINGS 2027**
Aansoek om toelating vir gr. RR vir 2027 is oop. Vorms is by Klein Lochieland beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.

**OPEWEEK**
Ons nooi alle voornemende Lochie-ouers om ons skool gedurende die week van 2 tot 6 Februarie te besoek. Kontak Lize-Mari by adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za vir 'n afspraak. Kom kyk hoe verloop 'n dagprogram, watter aktiwiteite ons aanbied en kyk selfs hoe die onderwyseresse die klasse hanteer. Alle voornemende ouers is welkom!

**WASLAP/T-HEMP/VOORSKOOT**
Waslappe en voorskote bly by die skool en is reeds deur die onderwyseresse gemerk. **Onthou asb. om u kleuter se skoolhempie duidelik te merk.** Skoolhempies word op Vrydae en met uit- en instappies gedra.

**SPRAAK- en ARBEIDSTERAPIE SIFTINGS**
Vorms vir spraak- en arbeidsterapiesiftings is by die oueraande uitgegee en verduidelik. **Ons beveel dit ten sterkste vir alle kleuters aan.** Dit gee ouers die gemoedsrus dat hulle kleuters geen uitvalle het nie. Kostes hieraan verbonde is minimaal en die aanbod word nie weer herhaal nie. Stuur asb. so spoedig moontlik vóór Vrydag 27 Feruarie, die vorms terug skool toe indien u belangstel of kontak u onderwyseres indien u twyfel.

**SONBLOK/HOEDE**
Onthou asb om kleuters in te smeer voor hul skool toe kom. Personeel kan ongelukkig nie hierdie taak ook behartig nie; dit neem te veel van die onderrigtyd in beslag. Moedig asb. u kleuters aan om hoede te dra. Hier is 'n hele paar gesiggies wat reeds baie in die son gebrand het.

**PARKERING/PADPATROLLIE**

Ons wil 'n ernstige beroep op ouers doen om asb nie soggens op die sypaadjie oorkant die skool te parkeer nie. Die eienaars het reeds 'n e-pos na die skool gestuur om te vra dat ons dit aanspreek. Die verkeersafdeling kom gereeld om boetes uit te skryf. Ons besef die parkering is 'n groot probleem rondom die skool en almal se geduld word beproef, maar hierdie is een manier om jou kleuter van geduld en deursettingsvermoë te leer. Die ekstra paar treë na die hek, kan gebruik word as 'n manier om die kleuters rustig te verduidelik hoe hulle dag gaan verloop.

Baie dankie aan al die ouers wat hulself beskikbaar gestel het om met die padpatrollie te help. Hierdie is in belang van elke Klein Lochieland kleuter en ons waardeer jul opoffering geweldig baie!

## GRAAD R-INLIGTING:

**SKOOLSPORT VIR GRAAD R**

| | |
|---|---|
| Tennis: | Bring jou eie rakket (daar is slegs 'n paar ekstra's); balle word verskaf<br>***Onthou om tekkies in te pak*** |
| Krieket: | Toerusting word verskaf |
| Atletiek: | Ekstra waterbottel wat hul kan saamneem na die oefening, asb. |

| | | |
|---|---|---|
| Ons tema vir volgende week is: | | **MY HUIS** |
| Ons persepsies is: | Kleur: | **Geel** |
| | Getal: | **1 en een** |
| | Klank: | **a-klankie** |
| Assesserings: | | **Herken eie naam**<br>**Rygwerk**<br>**Onderskei tussen lank en kort; groot en klein**<br>**Patrone**<br>**Hindernisbaan**<br>**"Hop-scotch"** |
| Maandag | 2 Februarie: | ***Bring prentjies wat met 'n a-klankie begin, bv. appel, akker, ens.***<br><br>***Bring toiletrolle, doppies, boksies, kurkproppe en stukkies lap, asb.*** |
| Dinsdag | 3 Februarie: | ***OUERKOMITEEVERGADERING vir die nuut verkose lede om 18:30 in Klein Lochieland se musiekkamer*** |
| Woensdag | 4 Februarie: | Trek asb. 'n **geel** hemp, broek of rokkie aan om geel vas te lê; die skoolhempie is ook reg!<br><br>***Juffrou Janita van die Beertjieklas verjaar. Baie geluk!*** |
| Donderdag | 5 Februarie: | Ek kopieër en brei 'n patroon uit |
| Vrydag | 6 Februarie: | ***Candice, ons skoonmaker, verjaar. Baie geluk!***<br>Lekkertjiedag (slegs Vrydae) |

## GRAAD RR-INLIGTING:

**AANLYNAANSOEKE vir GRAAD R 2027**

Die aanlynaansoeke vir graad R open op 11 Maart 2026. Dit is baie belangrik dat u kleuter op die WKOD se webblad geregistreer word vir graad R. Aangesien hulle reeds in Laerskool Lochnerhof is, gaan hierdie slegs 'n formaliteit wees, maar dit is baie belangrik dat dit wél gedoen word. Dokumentasie wat stap vir stap die proses verduidelik, sal eersdaags aan u uitgestuur word. Ons sal hier wees om u by te staan met die proses.

| | | |
|---|---|---|
| Ons tema vir volgende week is: | | **MY LIGGAAM** |
| Ons persepsies is: | Kleur: | **Groen** |
| | Vorm: | **Vierkant** |
| | Getal: | **1** |
| | Klank: | **b-klankie** |

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 2 Februarie: | Ons teken 'n gesiggie |
| Dinsdag | 3 Februarie: | Ons plak 'n gesiggie |
| Woensdag | 4 Februarie: | Trek asb. iets ***groen*** aan om die kleur groen vas te lê<br><br>***OUERKOMITEEVERGADERING vir die nuut verkose lede om 18:30 in Klein Lochieland se musiekkamer*** |
| Donderdag | 5 Februarie: | Pak asb. 'n ***vierkantbroodjie*** vir u kind in om die vierkant vas te lê |
| Vrydag | 6 Februarie: | ***Candice, ons skoonmaker, verjaar. Baie geluk!***<br>Trek skoolhempies aan, asb<br>Lekkertjiedag (slegs Vrydae) |

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel